# 6 April 2024 - Lesing 281 - Wenke van Abba Vader vir die eindtyd - Deel 3

**Johannes 1:9** ***Die ware Lig*** *wat elke adamiet verlig, was aan kom in die wêreld. [2 Ezra 2:35] 10 Hy was in die wêreld, en die wêreld het deur Hom ontstaan, en* ***die wêreld het Hom nie geken nie****. 11 Hy het na Sy Eiendom gekom, en* ***Sy Eiendom het Hom nie aangeneem nie.*** *12 Maar soveel van die wat Hom aangeneem het,* ***aan hulle het Hy mag gegee om kinders van Elohim te word,*** *aan hulle wat in Sy Naam glo;*

***Aan Bertha Dudde deur die innerlike Woord***

Die mens benodig dringend lig – 15/4/62

**NO: 8151** Die geestelike lig skyn na buite in die duisternis in. My woord klink af na die aarde en verbreek die nag wat oor die aarde versprei is. Want **My Woord is die Lig** wat uit die hoogte skyn en die donker plekke binnedring. My Woord is die bewys van My liefde vir diegene wat in die duisternis van gees voortgaan en wat die afgrond sal insluk as 'n lig hulle nie attent maak op die gevaar waarin hulle verkeer nie. **Want hulle balanseer op die rand van die afgrond** en word al hoe meer deur My teenstander na hierdie afgrond gedryf. En hulle sien dit nie raak nie, omdat hulle **blind van gees** is.

Die mensdom moet deur 'n ligstraal getref word. Hulle moet siende word om nou ook die regte weg te neem wat slegs vir hulle sigbaar sal word deur die lig. Julle mense moenie glo dat julle God en Skepper julle aan die noodlot sal oorlaat nie, dat Hy nie in julle aardse bestaan en die uitkoms daarvan belangstel nie. Want Ek is nie net julle God en Skepper nie, **Ek is julle Vader wat Sy kinders liefhet** en hulle uit elke nood en gevaar wil lei omdat Hy weet dat julle blind van gees is en voortdurend die gevaar loop om in die afgrond in te sak.

En hierdie voortdurende gevaar is die duisternis waarin julle voortgaan. Want julle het absoluut geen idee **van wat julle is, wat julle was en wat julle weer sal moet word nie.**

Want julle kort **die Lig, die Waarheid van God.** Julle kort die **kennis** wat slegs Ek aan julle kan gee, want julle het dit voorheen verwerp en is dus self skuldig aan julle verduisterde toestand. Ek moet eers vir julle hierdie lig teruggee, want julle sal dit nie self kan verwerf nie - wat julle egter wel sou kon doen **as julle net die liefde in julle wou aangesteek het**, wat 'n ware lig is en aan julle insig sal gee. Maar julle leef voort sonder liefde en bly daarom in die duisternis. En as Ek julle hieruit wil weglei, moet Ek 'n lig vir julle laat skyn. Ek moet aan julle 'n lig skenk. Ek moet julle die waarheid laat toekom, ook wanneer julle dit nie waardig is nie, wanneer julle self niks doen om dit te verkry nie.

Maar My liefde vir julle is groot **en dit is die tyd van die einde**. Die gevaar dat julle in die afgrond sal wegsink, het toegeneem en wat Ek ookal kan doen om julle van hierdie neerstorting in die afgrond te red, dit sal Ek doen. **En so laat Ek dus 'n lig op die aarde neerskyn.** Ek skenk aan julle die waarheid, alhoewel julle dit nie verdien nie, omdat julle nie self moeite daarvoor doen nie. Maar Ek ken julle geestelike blindheid waarin My teëstander julle gedompel het en daarom ontsteek Ek 'n lig vir julle. En sodra julle julleself nie daarteen verset nie, **sodra julle die lig aanneem**, sal die duisternis rondom julle verdwyn en julle sal die weg herken wat Ek aan julle toon, wat julle sal moet gaan: **Naamlik die weg van die liefde**.

**Ek bring My Woord na die aarde en spreek julle voortdurend toe** sodat julle My liefdesgebooie moet vervul en sodat julle dan die weg uit die geestelike duisternis sal vind. Mag julle goed voel wanneer julle die duisternis van die nag ontsnap het en in die lig van die dag ingestap het.

Omdat julle julleself in 'n heeltemal duister gebied bevind, het julle dringend lig nodig. En tog sal julle dit vrywillig in ontvangs moet neem. Julle sal dit nie mag afwys nie, andersins sal julle geen enkele effek van die lig kan bespeur nie.

En as Ek net vir julle 'n klein straaltjie kan stuur wat julle sal laat insien dat die weg wat julle gaan nie die regte een is nie, as Ek maar net vir julle soveel waarheid kan laat toekom dat julle sal hoor van julle God en Skepper en julle verhouding met Hom, dan sal julle alreeds self die skynsel van lig kan vergroot, omdat julle meer te wete sal wil kom en hierdie begeerte sal waarlik deur My vervul word. Slegs 'n klein skynseltjie lig moet in julle binnedring en die weldaad van die lig sal julle nou self aanspoor om dit binne julle te laat ontvlam deurdat julle die liefde sal beoefen, **omdat julle haar herken as die oorsprong van die lig.** En as dit bereik word dat julle mense My **liefdesgebooie** sal vervul, dan sal ook die donker nag deurbreek. Want die lig van liefde skyn helder na buite in die nag in en sal dit verdryf en die **son van die Gees sal opgaan** en alle gevaar sal verdryf word.

En daarom moet Ek 'n lig van bo na die aarde toe stuur. Want op aarde verskyn telkens weer **misleidende ligte** wat geen lig uitstraal nie en julle mense daarom nie verryk nie. Die lig moet **van My** uitgaan, van die ewige Bron van lig en krag. En waarlik, so 'n lig sal alles deurdring as dit maar geen weerstand gebied word nie.

Maar wie begeer om in die lig te staan, dit sal hom ook verlig. En hy sal deur My Woord bekendgemaak word **met verdere kennis wat ooreenstem met die Waarheid**. En hierdie kennis sal hom weer insig gee in wat hy eens was en weer moet word. En dit sal hom ernstig laat strewe, want hy herken die weg wat hom nou helder en duidelik aangewys word en wat beslis sal lei tot die doel, na die voltooiing, **na die aaneensluiting met My**. Amein.